Wêreldwye Naweek van Gebed vir Kwesbare Kinders
4-5 Junie 2011
SAAM Johannes 17 v 20 – 23

Jesus se gebed was dat mense in Hom sal glo deur die boodskap van liefde en dat die wêreld God sal ken deur die eenheid onder gelowiges. Dit is 'n uitdaging wanneer ons saam werk en bid vir die beskerming van kwesbare kinders, omdat ons as individue verskillende areas van belangstelling en invloed het. Die gebedsnaweek erken sewe verskillende areas van die samelewing en hoe dit onderskeidelik kinder beïnvloed.

Familie en opvoeding

Dit is die twee invloedrykste areas in 'n kind se lewe. Armoede en gebroke gesinne kan 'n traumatiese invloed op die emosionele en fisiese welstand van kinders hê en het gevolglik ook 'n invloed op die groter gemeenskap. Waar armoede gepaard gaan met 'n gebrek aan opvoeding is dit baie moeilik om die siklus te breek.
Spreuke 1

Ons bid saam dat:

- Kinders wat as broodwinners van hulle gesinne optree, emosionele sowel as praktiese ondersteuning sal ontvang.
- Enkelouer-gesinne, veral in die geval waar 'n vrou wat kwesbaar is vir mishandeling as hoof van die gesin staan, ondersteuning en 'n uitweg uit armoede sal kry.
- Arm gemeenskappe opvoedkundige geleenthede sal ontvang.
- Dat kinders 'n holistiese opvoeding, wat geestelike, akademiese en gesondheidsbehoeftes sowel as die handhawing van basiese lewensvaardighede dek, sal ontvang.
- Christene in die onderwyssektor positiewe, invloedryke rolmodelle sal wees de urdat hulle Christelike waardes uitleef.

Nadenke:

Sien om na jou nabye gemeenskap. Is daar enige families wat ondersteuning nodig het? Is daar enige kinders wat vir hulleself moet sorg? Is daar enige kinders wat met hulle opvoeding ondersteuning nodig het?

Besighede en Regering

Hierdie twee areas kan die opkomende generasie van 'n nasie maak of breek. Met ongeveer 218 miljoen kinders reg oor die wêreld tussen die ouderdom van vyf en sewe jaar wat gedwonge arbeid doen is dit duidelik dat korrupsie, immoraliteit en wellus regerings en besighede wêreldwyd infiltreer.
Psalm 89 v 14

Ons bid saam dat:

- Werkende mans en vroue wat reeds minder bevoorregte mense ondersteun en ook hulpbronne verskaf, geseënd sal wees en dat ander ook hulle voorbeeld sal volg.
- Meer besighede bewus sal raak van die kwesbare kinders in hulle gemeenskap en dat hulle tot aksie genoop sal word.
- Regverdigheid en geregtigheid sal seëvier in die regering se wetgewings.
- Diegene wat verkies is tot die regering se motiewe opreg sal wees en dat ons verkose leiers meegevoel sal hê vir die opkomende generasie en ook die kinders wat nog gebore gaan word.
- Regerings verantwoording sal doen van hulle verpligtinge tot die Millenium Ontwikkelingsdoelwitte en dat vordering gemaak sal word om dit te bereik teen 2015.

Nadenke:

Hoe kan ons liefde vir mekaar 'n verskil maak in ons gemeenskappe? Watter verskil kan menseliefde in die plaaslike regering maak? Hoe sal dit ons houding verander teenoor plaaslike en klein besighede, of groot nasionale besighede? Hoe trek jy hierdie besighede in by die behoeftes van die gemeenskap?

Media, Kunste en die Vermaaklikheidswêreld

Ons is geskape in die beeld van God en is kreatiewe wesens. Hierdie areas van invloed kan positief gebruik word vir die opbouing van kwesbare kinders. Ongelukkig kan dit ook verontreinigend en eksplisiet wees. Die toenemende groei van die internet en sosiale media het die aard en spoed van kommunikasie verander, alhoewel dit van groot waarde is het dit ook die gevaarsrisiko vir kwesbare kinders verhoog.

Genesis 1 v 27

Ons bid saam dat:

- Mense wat in die mediabedryf werk dit sal gebruik om positiewe en Christelike waardes te verkondig wat kykers sal aanmoedig om passievol en Goddelik op te tree teenoor die kwessies aangaande hedendaagse kinders.
- Mense wat werk om die denke van die opkomende generasie positief te beïnvloed, onbeperkte guns in die bedryf sal ervaar.
- Mense met onheilige motiewe ontbloot sal word en kinders beskermd sal wees teen verontreiniging.
- Kreatiwiteit in die kunste gebruik sal word om glorie te bring aan God en dat dit 'n platvorm sal wees waar kinders hulle Godgegewe talente kan gebruik.
- Mense wat op kreatiewe wyses met kwesbare kinders werk doeltreffende strategieë en idees sal kry om kinders te help verlos van hul pyn en emosionele trauma.

Nadenke:

Tot watter mate beïnvloed die media en vermaaklikheidswêreld ons lewens en die lewens van ons kinders? Is dit alles goed? Watter nuuswaardige gebeure het onlangs plaasgevind in ons lewens en omgewing wat 'n positiewe bydrae kan maak tot die samelewing? Hoe kan ons te werk gaan om goeie stories by ons plaaslike media uit te kry? Hoe druk ons ons kreatiwiteit uit en op watter wyse moedig ons kinders aan om dit te doen?

Geloof

Daar is 'n groot rol vir die kerk om te vervul in hierdie area. Hier kan ons die waarheid en liefde van Jesus Christus uitleef en 'n voorbeeld wees van die transformasie wat bewerkstellig kan word wanneer ons saam werk. Daar is ten minste 250 000 kerk konferensies in die VIGS geaffekteerde areas van Oos en Suid-Afrika – meer as genoeg om die 12 miljoen gerapporteerde weeskinders te ondersteun.

Jakobus 1 v 27

Ons bid saam dat:

- Christene in invloedryke posisies geplaas sal word en 'n waardige stem sal hê wanneer hulle staan vir die belange van kwesbare kinders.
- Plaaslike kerke Jesus se liefde sal uitleef wat spesifiek omsien na die behoeftes van kinders.
- Dat daar eenheid onder kerke sal wees in die wyse waarop hulle kinders bedien soos Jesus sou.
- Kinders die voorbeeld sal stel van Jesus se liefde en daartoe in staat sal wees om hulleself te lei.
- Verskillende generasies saam sal werk as medegelowiges in Jesus Christus.

Nadenke:

Hoe kan ons te werk gaan om saam met mense van ander gelowe te werk en leef? In ons pogings om om te sien na kinders in nood, moet ons steeds 'n balans handhaaf tussen ons 'oortuiging van die hoop in ons' en nederigheid. In Johannes 17 is Jesus se gebed vol hoop dat die wêreld die liefde van God sal ken deurdat ons lewens straal van God se glorie. Dit is ons grootste uitdaging; om te leef in die glorie van God en tot sy groot eer.

Viva has facilitated the World Weekend of Prayer for children at risk since 1995. The scale of this weekend has grown over the years and now, as we partner with many prayer ministries and networks, millions of people join us each year on the first weekend of June to pray with and for vulnerable children. For more details and to give us feedback about your event, please contact us:

Viva, Unit 8, The Gallery, 54 Marston Street, Oxford, OX4 1LF, UK
t: +44(0) 1865 811660 **e:** enquiries@viva.org **w:** www.viva.org